**Christelike geloof en menseregte**

**WD Jonker**

**In**

# MENSEREGTE

**DA du Toit**

**Tafelberguitgewers**

**1984**

P 47 – 59

# Christelike geloof en menseregte

W. D. Jonker

**Afkeer**

Daar bestaan in ons land – en bepaald ook in kerklike kringe – 'n uitgesproke afkeer van die begrip "menseregte" en die saak wat daarmee aangedui word. Dit geld, altans, sonder meer vir die Afrikaanssprekende deel van die blanke bevolking. Gaan 'n mens op die rede hiervoor in, dan blyk dit hoofsaaklik met twee sake saam te hang.

Die eerste is dat dit vereenselwig word met die VVO en die Wêreldraad van Kerke, en die wêreldwye veldtog teen apartheid. Daardeur het dit vir baie van ons geword tot 'n slagkreet van diegene wat ons as "vyande" beskou. Dit is net natuurlik dat dit gesien word as 'n handige instrument wat teen ons land gebruik word, dikwels op 'n onbillike en selektiewe wyse, en dat dit om dié rede reeds emosionele afkeer by baie opwek. Bowendien word die saak waarom dit in dié begrip gaan, as 'n bedreiging aangevoel. Die feit dat Suid-Afrika nie die Universele Verklaring van Menseregte onderteken het nie, en dat dit blykbaar tot op hede nog vir die staat, gesien die politieke beleid wat gehandhaaf word, nie aanvaarbaar is om dit te doen en dan ook byvoorbeeld 'n waarborg vir die handhawing van menseregte in 'n nuwe grondwet op te neem nie, is vir die ondersteuners van die huidige politieke beleid voldoende rede om te glo dat die saak wat met die begrip "menseregte" aangegee word, die einde sal beteken van die huidige politieke konstellasie en die regte en voorregte wat daardeur vir hulle gewaarborg word.

Naas hierdie praktiese rede vir die afwysing van die begrip "menseregte" staan daar egter ook 'n teoretiese, en dan vernaamlik 'n *teologiese* argument op grond waarvan die aversie teenoor dié begrip verdedig word. Dié argument lui dat die hele begrip van menseregte eintlik vir 'n behoudende Christen onaanvaarbaar is, omdat dit opkom uit 'n tipies liberale en humanis-

tiese denkorde. Tereg word daarop gewys dat die idee van inherente en fundamentele regte wat die mens besit eintlik eers as vrug van die Verligting van die agttiende eeu na vore gekom het en sy historiese neerslag vir die eerste keer gevind het in die Amerikaanse Declaration of Independence (1776) en die Verklaring van die Regte van die Mens en van die Burger *(Déclaration des Droits de l'Homme et du Citoyen)* van 1789, waarin die grondslag van die Franse Revolusie verwoord is. Op grond hiervan word dan gesê dat die begrip "menseregte" van huis uit afkomstig is uit 'n klimaat wat aan die Bybel vreemd is, dat dit tuis hoort in 'n revolusionêre atmosfeer waarin die gesag soos dit deur God ingestel is, verwerp word, en dat dit dáárom reeds vir 'n behoudende Christen onaanvaarbaar is. Daarteenoor word gestel dat 'n mens volgens die Bybel geen inherente regte het waarop hy hom kan beroep nie. Alles wat hy het en is, ontvang hy onverdiend as gawes uit die hand van God. Hoogstens sou 'n mens kan praat van die *voorregte* wat die mens volgens die Bybel van God ontvang. Die begrip "regte" kom egter op uit 'n aanvaarding en verheerliking van die outonomie van die mens, en daarom is dit onbruikbaar vir wie homself op die standpunt van die Skrif stel.

## Tereg?

Die vraag wat ons moet beantwoord, is of die radikale afwysing van die konsep van menseregte deur so baie Suid-Afrikaners in die lig van hierdie twee redes as korrek beskou moet word. Hoewel 'n mens groot begrip kan hê vir hierdie argumente, moet hierdie vraag tog negatief beantwoord word.

Natuurlik is dit waar dat die begrip "menseregte" dikwels op 'n selektiewe wyse gehanteer word en dat daar oor Suid-Afrika op 'n ongenuanseerde en fariseïstiese wyse geoordeel word. Bowendien is dit moontlik om binne die groot skaakspel van die wêreldpolitiek op 'n onregmatige wyse gebruik te maak van die konsep menseregte, juis vanweë die groot mate van vaagheid en meerduidigheid wat dié konsep noodwendig in homself meedra.

Net so is dit natuurlik ook waar dat die konsep van menseregte histories gesproke nie sy oorsprong in kerk en teologie gevind het nie, maar dat dit 'n produk van die gees van die Verligting is en dus van huis uit verbonde was aan 'n revolusionêre tendens van die beklemtoning van die regte van individue teenoor die

bestaande gesagsinstansies. Die begrip menseregte kom nie in die Bybel voor nie, en die beskouing van die mens soos dit oorspronklik deur die begrip "menseregte" veronderstel word, is nie die Bybelse mensbeeld nie.[1]

Dit is ook nie net in Suid-Afrika dat daar teologiese besware teen die begrip "menseregte" bestaan nie. In werklikheid het die kerke in die Westerse wêreld, behalwe in Amerika waar die situasie van die begin af anders was, hulle in die verlede uiters krities teenoor die konsep van menseregte opgestel. Dit geld sowel die Protestantse Kerke as die Rooms-Katolieke Kerk. Deurgaans was dit daarby die verbintenis met die Franse Revolusie en die liberale gees van die Verligting wat die begrip "menseregte" vir die kerke onaanvaarbaar gemaak het. Dat die idee van menseregte in die moderne wêreld algemene ingang en geldigheid verkry het, het plaasgevind buite die invloed van die kerke om, of liewer: teen die uitdruklike verset van die kerke in.[2]

Ondanks hierdie besware teen die begrip "menseregte" is dit egter 'n vraag of dit *tereg* was dat die kerke die saak waarom dit in die konsep van menseregte gegaan het, nie van die begin af duidelik onderskei het van die oorsprong, inkleding en funksionering daarvan in die liberale en revolusionêre denke van die agttiende eeu nie. Miskien is dit onbillik om nou, in die lig van die voortgaande ontwikkeling en teologiese denke gedurende die afgelope twee eeue, in hierdie opsig verwyte aan die adres van kerk en teologie te rig. Dit is immers eers deur die worsteling met die baie implikasies van die groot breuk in die Westerse geestesgeskiedenis wat ons die Verligting noem, dat die moontlikheid ontstaan het om te onderskei tussen wat daarin waar is en wat daarin vals is. Selfs ons verkeer vandag nog in 'n posisie waarin dit uiters moeilik is om tussen hierdie twee dinge te onderskei.

Tog is dit duidelik dat kerk en teologie langsamerhand wel geleer het om ten opsigte van die problematiek rondom menseregte te onderskei tussen die *regmatige saak* waarom dit daarin gaan, en die *verkeerde wyse waarop* dié saak in die propagering en bevordering daarvan onder die begrip *menseregte* gehanteer en gemotiveer is.

Hierdie onderskeiding sal ook ons in Suid-Afrika moet leer maak. Dat ons regmatige besware kan hê teenoor die hantering en motivering van die konsep van menseregte, beteken nog nie dat ons tereg onsself kan afkeer van die wesenlike saak waarom

## Kentering

In hierdie opsig het daar in elk geval in die wêreldkerk sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n duidelike kentering ingetree. Ongetwyfeld het die skrik vir die onmenslikheid wat in die gebeurtenisse rondom die Tweede Wêreldoorlog na vore gekom het, hierin 'n groot rol gespeel. In elk geval sien ons ná die oorlog by sowel die Protestantisme as die Rooms-Katolisisme 'n nuwe benadering tot die vraagstuk van menseregte na vore tree. In die Protestantisme is dit dan veral die ekumeniese liggame (Wêreldraad van Kerke, Lutherse Wêreldbond, Wêreldbond van Geref. Kerke)[3] wat veel aandag daaraan bestee. In die Rooms-Katolisisme vorm die Tweede Vatikaanse Konsilie 'n duidelike keerpunt. Wanneer die kerke uit die Derde Wêreld sedert die sestigerjare 'n groter invloed in die ekumeniese liggame verkry, bring die aandag vir die probleme van armoede, verdrukking, uitbuiting, die onvermoë tot selfbeskikking, diskriminasie en dergelike meer 'n nuwe dimensie in die debat oor menseregte.

Hoewel dit teologies moeilik is om die juiste aanpak van die probleem van menseregte te vind, sodat daar groot verskille bestaan, kan ons met veiligheid sê dat daar in die wêreldkerk vandag prakties eenstemmigheid daaroor bestaan dat die sáák waarom dit gaan, allermins deur Christene afgewys of verwaarloos mag word. En dit geld nie net vir dié deel van die wêreldkerk wat ons as liberaal of vrysinnig of die aanhangers van 'n politieke teologie sou kon bestempel nie. Dit geld werklik ook vir behoudende kerke en teoloë in wie se geselskap ons onsself heeltemal tuis kan vind.

Só skryf W. H. Velema: "Tussen het Evangelie van Jezus Christus en het opkomen voor de mensenrechten zien wij een zeer positieve relatie. De heiliging van het leven is vrucht van de verlossing door Christus en van de bekering tot God. Opkomen voor mensenrechten is gestalte van deze heiliging. Daarom moeten Christenen zich voor mensenrechten inzetten, zij in het bijzonder."[4] In hierdie oortuiging staan Velema nie alleen nie, maar spreek hy uit wat ook by behoudende Christene oor die hele wê-

reld heen leef, en eintlik deur geen Christen ontken kan word nie.

Uiteraard sal daar baie rede tot kritiek wees op die wyse waarop die konsep van menseregte deur kerk en teologie in ons tyd gehanteer word. Dikwels gebeur dit sonder 'n behoorlike deurdenking van die wysgerige en ander veronderstellings wat daaraan kleef. Dikwels word die sekularistiese klimaat waarin dit na vore gekom het, slegs maar positief waardeer, sodat daar 'n ligvaardige en kritieklose aanpassing by die liberale en revolusionêre tendense van die Verligtingsdenke is sonder dat daar vanuit 'n verantwoorde Bybelse teologie met die vrae wat hier na vore kom, geworstel is. Aan eensydighede ontbreek dit nie. In die plek van die afwysende houding wat die kerke in die verlede teenoor die idee van menseregte aangeneem het, dreig nou dikwels weer 'n oor-reaksie, asof dit die vernaamste taak van die kerk sou wees om hom vir die verwerkliking van menseregte te beywer – ja, asof die kerk se boodskap van heil en die roep om die verwesenliking van ware menslikheid min of meer dieselfde sou wees.

Hierdie soort eensydighede lei dan weer tot eensydige reaksies teen die idee van menseregte by diegene wat op 'n besondere wyse in hierdie proses in die beskuldigdebank geplaas word. Dit is egter noodsaaklik dat ons moet leer om hier duidelik te onderskei. Wanneer ons tereg afwysend staan teenoor wat ons as 'n on-Bybelse teologie en 'n revolusionêre tendens in die hantering van die begrip "menseregte" sien, ontslaan dit ons nie van die verantwoordelikheid om onsself *op die juiste wyse* besig te hou met die sáák waarom dit gaan nie. Saam met diegene wat vanuit 'n Bybelse gesigshoek op hierdie saak ingaan, sal ons die uitdaging moet aanvaar om positief te sê wat in die lig van die Skrif die element van waarheid is in wat onder die begrip "menseregte" ter sprake gebring word. Alleen só kan ons bewys dat ons nie onverskillig is teenoor die saak van die menslikheid van die mens soos dit in die Skrif aan ons voorgehou word nie.

In die slot-paragraaf van *Ras, Volk en Nasie* (1974) het die Ned. Geref. Kerk dit duidelik uitgespreek dat hy, hoewel hy die situasie in Suid-Afrika anders beoordeel as ander Christelike kerke in die wêreld, tog nie van hulle verskil wanneer dit gaan om die insig in en erkenning van die sedelike norme wat vir die onderlinge verkeer tussen die mense geld nie. As dit waar is, sal dit veral ook na vore moet kom in die wyse waarop die Ned. Geref. Kerk oordeel oor die regmatigheid van die sáák waarom dit in die konsep van menseregte gaan.

## Waarom dit gaan

Die saak waarom dit gaan, is die menswaardigheid van die mens. Dit is onmoontlik om met die Bybel in die hand ligtelik om te gaan met die menswaardigheid van die mens. Natuurlik gaan dit in die Bybel om God, maar dan tog om God in sy verhouding tot sy skepping, en in die besonder tot die mens. Dat God die mens na sy beeld geskep het; dat God ter wille van die verlossing en heil van die mens sy eniggebore Seun gestuur het en só 'n ewige en onverbreekbare verbintenis tussen Homself en die mens tot stand gebring het; dat God Homself in Christus vereenselwig het met die nood en ellende van die mens en deur sy Gees die mens wil bevry en in hom soos in sy tempel wil woon; dat God die gevalle mens opnuut na sy beeld wil herskep tot gelykvormigheid aan Christus en in alle ewigheid die mens in die volheid van die heerlikheid van die koninkryk van God wil laat deel – dit alles beteken dat God self aan die mens 'n waarde toeken wat nie misken mag word, sonder om lynreg teenoor die bedoeling van God te staan te kom nie.

Seker, die Bybel weet nie van 'n eie, inherente waardigheid van die mens soos die Verligting daaroor gepraat het, los van sy verhouding tot God nie. Die Bybel weet ook nie van natuurlike regte van die mens wat hy, kragtens wat hy in homself is, teenoor God of sy medemens laat geld nie. Maar die Bybel weet wel van 'n onberekenbaar hoë waarde wat God aan die mens *toeken*, deurdat God die mens geskep het met 'n bepaalde roeping en bestemming en verantwoordelikheid wat nie misken mag word nie. Dié waardigheid lê buite die mens, ingebed in Gods bedoeling met hom, naamlik dat hy as bondgenoot van God in sy verhouding tot God en sy medemens tot volle ontplooiing moet kom volgens die wil van God, en só God moet verheerlik.

Daarom kan die Bybel sê dat God die mens weinig minder as 'n goddelike wese gemaak het en hom met eer en heerlikheid gekroon het (Ps. 8:6) – 'n eer en heerlikheid wat weliswaar weens die sonde verduister is, maar tog in Christus geopenbaar, herstel en bevestig is (Hebr. 2:5-9). Die uitsonderlike posisie van die mens as die kroon van Gods skepping kom tot uitdrukking in die wyse waarop die lewe van die mens in die Skrif as iets onaantasbaars behandel word: God self wreek Kain se doodslag van Abel, maar beskerm dan weer die lewe van Kain teenoor willekeurige aantasting deur ander mense (Gen. 4:8-15). In die verbond van

God met Noag – wat 'n universele karakter dra – word die lewe van die mens op 'n besondere wyse deur God beskerm (Gen. 9:6). Die mens, ook die gevalle mens, word nog deur God behandel as die beeld van God, d.w.s. word nog gebind aan die bedoeling van God met hom en verantwoordelik gehou vir die mandaat wat God hom met sy skepping meegegee het. Daarom dra die waardigheid van die mens volgens die Skrif ook 'n universele karakter. Watter skeiding God ook in sy genadige verkiesende handelinge uiteindelik tussen die mense aanbring, in hulle aardse bestaan voor die aangesig van God deel hulle almal op gelykwaardige wyse in die "heerlikheid en eer" wat kragtens die skeppingsbedoeling van God aan die mens as sodanig toegeken word. Soos Gods barmhartigheid na alle mense uitgaan, ongeag hulle verhouding tot sy koninkryk (Matt. 5:45), so wil God ook dat ons as sy kinders in alle mense ons naaste sal herken, sal bedink wat goed is voor alle mense (Rom. 12:17-18) en ons vriendelikheid aan alle mense sal bewys (Fil. 4:5). Omdat die mens – alle mense – na die beeld van God geskape is, mag ons geen enkele mens verag of as minderwaardig beskou nie.

Op grond van hierdie vreemde waardigheid van die mens kan ons begrip hê vir die uitdrukking: die *regte* van die mens. Dit gaan vir ons daarby nie om inherente, natuurlike of aangebore regte van die mens nie, maar om die regte van die mens wat *teenoor ander mense* aan hom van Godsweë verleen word kragtens sy besondere posisie voor God. Natuurlik is alles wat die mens het en is, gawes wat hy uit Gods hand ontvang. Teenoor God het hy geen regte nie. Van God uitgesien en ook vanuit sy verhouding teenoor God gesien, het die mens slegs *voorregte*. Maar: die voorregte wat God aan hom verleen, is dinge waarop hy op die horisontale vlak en in sy verhouding tot sy medemens *reg* het. Ook 'n kind het geen inherente reg op die geskenke wat sy ouers aan hom gee nie. Maar dit beteken nie dat die ander kinders sy geskenke van hom mag wegneem nie. Teenoor hulle het hy daarop reg, en die ouer sal daardie reg van die kind teenoor die ander kinders beskerm.

Presies dít doen God ook. In sy Wet reël Hy die onderlinge verhoudinge tussen die mense op sodanige manier, dat hulle mekaar se menswaardigheid, mekaar se lewe, mekaar se ontplooiingsmoontlikhede, mekaar se reg daarop om as mense aan hulle roeping, verantwoordelikheid en bestemming te kan beantwoord, moet respekteer. Dit is immers Gods wil vir alle mense

(vgl. 1 Tim. 2:1-4). Gods wet spel uit waarop die naaste reg het in ons omgang met hom. Bybels gesien is die regte van die mens die teenkant van die gebod van God vir ons onderlinge verkeer.

## Konkretisering

'n Bybelse benadering van die begrip "menseregte" beteken nie dat ons op 'n biblisistiese manier allerlei regte van die mens uit die Skrif moet probeer aflees nie. As ons die regte van die mens sien as opgesluit in Gods gebod vir die onderlinge verkeer van die mense, blyk dit so omvattend te wees as die gebod self. Net soos in die geval van die omgang met Gods gebod in die algemeen, sal dit ook in hierdie geval blyk dat die gebod van God baie wyd is (Ps. 119:96). Telkens word daar weer nuwe gesigspunte ontdek van wat die implikasies van Gods gebod is. Bepaalde aspekte van die waardigheid van die mens sal in 'n bepaalde situasie 'n besondere aktualiteit verkry wanneer dit op 'n spesifieke wyse aangetas word. Binne die dinamiek van die menslike geskiedenis is dit dus nie moontlik om 'n lys van menseregte op te stel wat as afgeslote vir alle tye beskou kan word nie.

Tog is dit nie moeilik om te sien hoe ongeveer alles wat deur die buite-Bybelse denke oor die regte van die mens na vore gebring word, in 'n Bybelse visie omvat, verdiep en gesuiwer sal word nie. Die hoofsom van God se gebod vir die verkeer tussen die mense is dat hulle mekaar moet liefhê soos hulself. Die begrip "liefde" is in die Bybel nie net 'n gesindheid of selfs 'n grondhouding nie, maar veral ook die *daad* van geregtigheid teenoor die naaste (vgl. o.a. Miga 6:8; Lev. 19, ens). Die liefde laat die naaste tot sy reg kom, nie maar net deur, volgens die Griekse begrip van geregtigheid, aan elkeen te gee wat hom toekom nie (hoewel dit op sigself al geweldig baie is), maar deur hom te help om aan sy roeping en bestemming as mens te kan beantwoord. Liefde en geregtigheid is twee kante van dieselfde saak, net soos Gods liefde, barmhartigheid en geregtigheid op 'n onvergelykbare wyse één is. Wanneer die naaste volgens Gods gebod reg het op ons liefde, beteken dit dat hy reg daarop het om deur ons versorg, beskerm en gehelp te word om tot sy volle menslikheid te kan kom.

Wanneer 'n mens die Tien Gebooie in hierdie lig beskou, is dit duidelik hoe sorgvuldig God daarin die regte van mense teenoor mekaar beskerm. Mense het reg op die vryheid en die tyd om God

te kan dien (eerste vier gebooie). Mense het reg op die eerbied en gehoorsaamheid wat hulle toekom vanweë die posisie waarin God hulle oor ander gestel het (vyfde gebod). Mense het reg op die lewe as gawe van God (sesde gebod). Mense het reg op die huwelik, op liefde en trou in die huwelik en op die beskerming van hul huwelik (sewende gebod). Mense het reg op eiendom en op die beskerming daarvan (agtste gebod). Mense het reg op die waarheid en op geregtigheid in die regspraak (negende gebod). Mense het reg daarop om beskerm te word teen die begeerlikheid van andere wat op een of ander wyse inbreuk wil maak op hul lewe in die volle sin van die woord (tiende gebod).

Natuurlik is daarmee geen uitputtende lys van "menseregte" gegee nie. Die Ou en die Nuwe Testament spel op baie maniere die inhoud van 'n menswaardige lewe uit. Daaruit kan dit blyk hoe ernstig die mens se vryheid en verantwoordelikheid, die onderlinge gelykwaardigheid van alle mense (wat nog iets anders is as die gelykheid van alle mense), en die reg tot individuele en gemeenskaplike vervulling van die opdrag tot heerskappy oor die aarde as verteenwoordigers van God deur die Skrif opgeneem word. Daarmee word aan ons die riglyne gegee vir hoe ons self in ons eie historiese en kulturele situasie die volle implikasies van Gods gebod in terme van die regte van die mens behoort te konkretiseer. In hoofsaak sal ons dan *in die praktyk* 'n groot mate van ooreenstemming ontdek tussen wat 'n Bybelse denke hier sal formuleer én wat in ons tyd in 'n algemene sin as regte van die mens bekend is, selfs al sou ons dit anders wou formuleer en motiveer.

## Algemene genade

Dit hoef ons nie te verbaas dat hierdie aanrakingsvlak bestaan nie. Die christelike teologie het altyd al daarmee geworstel hoe dit verklaar moet word dat daar ook buite die ligkring van die besondere openbaring soveel juiste insig in morele kwessies aangetref word.

Die Apologete het in die tweede eeu al 'n verklaring daarvoor gesoek in die universele werking van die goddelike Logos wat by alle mense 'n besef van die ware en die goeie tot gevolg het, hoewel dit in die openbaring in Christus kulmineer. Deur al die eeue speel die begrip "natuurreg" 'n groot rol in die christelike teologie. Daarmee word bedoel dat alle mense "van nature" insig het

in wat sedelik goed en kwaad is of (meer modern uitgedruk) wat tot die ware humaniteit behoort. Selfs Karl Barth met al sy verset teen "natuurlike teologie" kon nie aan die feit van die voorkoms van ware sedelike kennis "buite die mure van die kerk" ontkom nie. Sy Christologiese verklaring daarvoor lui dat die oormag van die openbaring van God in Christus in die hele wêreld 'n soort afglans tot gevolg het, sodat ook by mense wat Christus nie ken nie, onbewus en ondanks hulleself kennis van Gods gebod en "gelykenisse van die koninkryk van God sigbaar word".

In die Gereformeerde tradisie praat ons liewer van die algemene genade en die algemene openbaring van God waardeur dit moontlik word dat daar ook buite die ligkring van die besondere openbaring kennis van goed en kwaad kan bestaan (vgl. Ps. 19:1-7; Rom. 1:18 e.v.; Rom. 2:14-16; Hand. 17:22-23, ens). God laat Homself nie onbetuig aan die mensheid nie. Ook buite die direkte invloedsfeer van die evangelie kan daar sprake wees van 'n bepaalde *evidensie* van die inhoud van Gods wet, selfs al word dit uit die ware verband losgemaak. Op hierdie wyse word die afvallige mensheid deur God bewaar van totale verwording, wat nie beteken dat die skuld van die mensheid voor God verminder word, of dat die behoefte aan ware verlossing deur Christus daardeur opgehef word nie.[5]

Wél is dit hierdeur moontlik dat heidene en Christene, ondanks hul verskillende uitgangspunte en motiveringe, in die *praktyk* dikwels tot verwante insigte in sedelike vrae kan kom. Tot hul beskaming mag dit soms gebeur dat gelowiges deur ongelowiges bestraf moet word oor die wyse waarop hulle sedelik te kort skiet (vgl. Gen. 12:10-20 en 20:1-13 oor die bestraffing van Abraham deur heidense vorste). Daaraan het Abraham Kuyper gedink toe hy gesê het: "De wereld valt mee en de kerk valt tegen." Humaniste en ateïste kan soms sedelike insigte openbaar waarvan Christene – soms eers veel later – moet getuig dat dit ook volgens die norm van Gods geopenbaarde wet volkome juis is.

In die geval van menseregte het ons met iets dergeliks te make. Hoewel kerk en teologie vanweë die herkoms, motivering en inkleding daarvan, afwysend gestaan het teenoor die idee van menseregte, is daar tog later ingesien dat dit daarin om aspekte van sedelike insig gaan wat ook in die lig van Gods openbaring in die Skrif deur Christene nie verwaarloos mag word nie.

In die geval van menseregte het ons bowendien met 'n besonde-

re situasie te make. Dit gaan daarin immers om sedelike insigte wat voortgekom het uit *gesekulariseerde Europa*. Gesekulariseerde Europa is, net soos die gesekulariseerde Amerika, nie los te dink van die diepgaande invloed wat deur die Christendom daarop uitgeoefen is nie. In die gesekulariseerde Weste het ons nie te make met pure heidendom in die oorspronklike sin van die woord, en dus ook nie met 'n natuurlike sedelike besef of 'n "natuurreg" in die sin waarin dit altyd gebruik is nie. Ons het hier te make met 'n sedelike besef wat gestempel is deur die sedelike waardes van die christendom, selfs al is dit losgemaak van die evangelie en die Vader van Jesus Christus.

## 'n Onderdeel

Die vraag hoe ons oor die konsep menseregte oordeel, is dus maar 'n onderdeel van die breër vraag na hoe ons in die algemeen oor die verskynsel van die sekularisasie oordeel.

Ons het in die sekularisasie met 'n uiters tweeslagtige verskynsel te make. Daar is herhaaldelik geprobeer om teologies en kultuurfilosofies te onderskei tussen positiewe aspekte in die sekularisasie-proses (wat dan as legitieme vrugte van die Christendom verstaan kan word) en die negatiewe aspekte daarvan (wat daarmee saamhang dat die mens homself verabsoluteer en sy vryheid soek as 'n vryheid *sonder* God en selfs *teenoor* God). Gogarten het byvoorbeeld tussen hierdie positiewe en negatiewe aspekte onderskei deur te praat van onderskeidelik *sekularisasie* en *sekularisme*. 'n Beter onderskeiding is miskien dié van Berkhof wat die begrip *emansipasie* invoer as aanduiding van die positiewe bevrydende werking van die Christendom in die wêreld, terwyl hy die begrip *sekularisasie* eintlik deurgaans negatief vul as aanduiding van die valse outonomie van die mens wat homself van God losmaak en so in 'n ateïstiese humanisme teregkom.[6]

Maar hoe dan ook, op een of ander manier moet ons onderskeidinge aanbring in ons beoordeling van die sekularisasie. Wie hier suiwer negatief oordeel, misken die werking van die algemene genade van God wat ook dáár aanwesig is, waar die naam van Christus nog nie of nie meer in ere gehou word nie. Wie sekularisasie ongekwalifiseerd toejuig, misken die erns van die vervreemding van God en sy Woord wat hom daarin voltrek. In die spanning tussen hierdie twee pole moet ons leer om telkens konkreet te onderskei waarop dit aankom. Eintlik doen ons dit reeds

voortdurend. Ons sal tog nie sê dat die geweldige opbloei van wetenskap en tegniek, dat die opkoms van die idee van volksoewereiniteit en selfbeskikking, dat die demokrasie, dat die afskaffing van slawerny, dat die proses van dekolonisasie – alles sake wat direk saamhang met die sekularisasieproses – as sodanig sleg is nie. Dit is alles meerduidige verskynsels en kan na verskillende kante toe geïnterpreteer word in die gevaarlike wêreld van die mens se gees, maar ons kan tog nie sonder meer afwysend daarteenoor staan nie.

Daarom kan ons ook nie slegs negatief staan teenoor die groter aksent op die menswaardigheid van die mens en die proses van sensitivisering wat in hierdie opsig in die sogenaamde Nuwe Tyd plaasgevind het nie. Ons deel vandag reeds in die vrugte daarvan. Die konsep van menseregte is 'n soort ideaal wat wil verwoord dat *alle mense* uiteindelik soos mense sal kan lewe. En watter Christen kan dan dáárteen wees?

## Geen ander keuse

Watter besware ons dus ook kan hê teen die wyse waarop daar dikwels oor menseregte gepraat word en teen die wyse waarop dit in die groot politieke spel misbruik en gebruik word, ons het geen ander keuse as om positief te staan teenoor die sáák wat daarin tot uitdrukking kom nie. Ons moet onsself selfs daarvoor skaam dat ons nie vanuit die hart van die christelike belydenis al veel eerder die ware lig van die Skrif op hierdie saak laat val het nie. Ons roeping kan alleen maar wees om teologies en beter – en dus ook korrigerend – die saak van die menswaardigheid van die mens ter sprake te bring. Alleen só kan ons 'n diens lewer in die afweer van valse horisontalisme sonder om uit reaksie te verval in valse vertikalisme.

Daarby moet ons onthou dat ons self die allergrootste belang by hierdie saak het. Dag ná dag word die naam van ons land oor die hele wêreld heen genoem as 'n voorbeeld van flagrante skending van menseregte. Afgesien van ons oordeel oor hoeveel van die beskuldiging waar of vals is, is dit ons dringende plig om as Christene aandag te gee aan 'n saak waaroor aan ons land so 'n sware beskuldiging gerig word en te vra in watter opsig ons kan bydra tot helderder insigte en 'n nuwe aanpak van 'n problematiek waarby ons so direk gemoeid is. Dit is die doel van hierdie bundel om in hierdie opsig 'n beskeie bydrae te lewer.

1 Vgl. K. Barth: *Protestant Theology in the 19th Century*, London, 1972, 49 e.v.; W. H. Velema: *Discussie over de mensenrechten*, Apeldoorn, 1980, 30 e.v.

2 Vgl. W. Huber/H. E. Tödt: *Menschenrechte. Perspektiven einer menschlichen Welt*. Stuttgart/Berlin, 1977, 37 e.v.; Aad Kik, *Geloof in Mensenrechten*, Kampen, 13 e.v.

3 Vgl. Allen O. Miller: *A Christian Declaration on Human Rights, Theological Studies of the World Alliance of Reformed Churches*. Grand Rapids 1977; *Die Menschenrechte im ökumenischen Gespräch*,. Hrsg. vor der Kirchenkanzlei der Ev. Kirche in Deutschland, Gütersloh, 1979; *Understanding Human Rights:* An interdisciplinary and interfaith study, ed. A. D. Falconer, Dublin, 1980.

4 W. H. Velema, a.w., 60, vgl. ook G. D. Spykman: *Towards a biblical View of Human Rights*, Theological Forum, RES VII, I, 1979; D. A. du Toit: *Geregtigheid en Mensbeskouing*, in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, jaargang 18, no. 3 en 4, Sept. en Des. 1978.

5 Vgl. G. C. Berkouwer: *De algemene Openbaring*, Kampen, 1951; D. E. de Villiers, *Die eiesoortigheid van die Christelike moraal*, Amsterdam, 1978.

6 Vgl. H. Berkhof: *Emancipatie, secularisatie en de zending van de kerk*, in Bruggen en Bruggehoofden, Nijkerk, 1981, 176, e.v.